**Marli Viljoen**
**Gr. 12**
**HS Waterkloof**
**Verhaal**

# *La Pluie et le beau temps*

"Jy het 'n besoeker, *Madame* Wertheimer."

Antoine staan in die voorportaal en loer deur die oop skrefie van die deur. Hy lyk duidelik ongemaklik. Met 'n sug stap ek nader. Ek wens mense wil bel of net op 'n manier laat weet as hulle 'n draai kom maak. Ek het nie tyd vir onbeplande besoekers nie. Die kinders wag vir my. Daar is 'streng nagevolge' as slaaptydstories afgeskryf word. Volgens my driejarige blonde krulkop beteken dit geen soentjies voor hy by sy bed inkruip nie.

"Wie is dit?" skel Quentin van die kant af. Hy trek sy baadjie reg en maak die knoop vas. Daar is net een woord om my man te beskryf.

Perfeksie.
Alles moet altyd perfek en volgens standaard wees.

"Monsieur moet maar self kom kyk." Antoine gebruik die geleentheid om weg te glip. Hy is nie gewoonlik so vlugtig as daar gaste is nie. Nee, dis nie waarvoor ons hom betaal nie. Dit lyk asof die arme man 'n spook gesien het.

Die gedreun van die woeste weer word net erger. Net iemand was desperaat is, sal nou, soos 'n dwaas, buite ons huis staan.

"Ek sal dit hanteer. *Merci*, Antoine."

Quentin bestudeer sy hare, wat klaar glad en eenvormig is, in die spieël bo die kaggel. Hy is op pad na een of ander funksie toe. Ek vra ook nie meer nie.

Ek maak die deur groter oop en dit voel ewe skielik asof die wêreld rondom my vinniger begin draai. My hand gryp die deurhandvatsel vir ondersteuning, want my bene is lam. Ek kan nie sy naam sê nie, want volgens my bestaan hy nie eintlik meer nie.

"*Bonsoir,* Margeaux." Die man kyk na my met groot oë.

Ek voel die hitte van Quentin se lyf agter my. Ek voel hoe hy versteen. 'n Doodse stilte heers tussen die drie van ons en ongenaakbare oogkontak word tussen ons gedeel. Die sekondes gaan stadig verby. Een…twee…drie…vier…

"Ek sal vir julle 'n oomblik alleen gee." Quentin maak sy keel skoon en verbreek die stilte. Hy skarrel terug in die huis in.

Raoul staan voor my en ek weet nie wat om te dink nie.

Ek onthou die eerste keer wat ek met Raoul Arnault oogkontak gemaak het.

Dit was in 1960.

Dit was in die hartjie van die somervakansie by 'n boek stalletjie op die promenade net voor die strand in Honfleur, Normandie. Die digbundel in my hand het sy oog gevang. Hy het my met sy slim woordkeuses probeer vly. Glinsterende blou oë het die branders in die agtergrond weerspieël. Die sproete op sy wange het van kattekwaad gewriemel.

Raoul het homself nooit voorgestel nie. Hy het net spontaan met my 'n geselsie aangeknoop. Vir my, 'n blosende sewentienjarige, was dit hemel op aarde om aandag van iemand van die ander geslag te kry. Vrywillig ook nog. Sy ma het hom nie forseer om met my soos al die vorige seuntjies met hulle spoggerige pakke en hare wat netjies teruggekam was, te gesels nie. Nee, die wind het Raoul se koperlokke as haar kitaarsnare gebruik. Op die ou einde het hy vir die bundel betaal. Hy het gespot en gesê dit is 'n aandenking vir die toekoms wat ek elke nou en dan uit 'n boks uit sal grawe en vir my kinders wys. En ek sal aan hom dink.

Ek het hom nie weer die vakansie gesien nie. My oë het elke strand, elke *café*, elke *bibliothéque* en elke *librairie* gefynkam. Dag na dag het ek my sussie, Lucille, na die boekstalletjie teruggesleep in die hoop dat hy daar vir my opinie oor Jacques Prevert se *La Puie et le beau temps* sal staan en wag. Ek sou dit sonder om twee keer te dink, vir hom gee.

Bitter teleurgesteld, het ek teruggekeer Parys toe vir die nuwe skooljaar. My kopie van *La Puie* het soos 'n skoothondjie oral saam met my gereis. Na maande se soeke na die vreemdeling met die seeblou oë en koper hare, het ek moed verloor. Ek het besef dat hy net 'n nostalgiese vreemdeling sal bly en nou en dan as ek my Prevert-boekie sien sal ek aan hom dink.

'n Jaar het verbygegaan en my digbundel het stof op my boekrak begin vergarder.

Ek onthou die aand asof dit gister was. Dit was my beste vriendin, Brigitte, se agtiende verjaardag en haar ouers het omtrent die hele Parys genooi. Hulle *ken* die hele Parys. Haar pa het *met* die hele Parys besigheid gedoen. Hulle huis het oorgeloop van mense. Die dansvloer was propvol. Ek het nog nooit so klaustrofobies gevoel nie. Om myself en my gesonde verstand te red, het ek in hulle tuin gaan wegkruip. Jy kon die flikkerende straatliggies reg rondom jou sien. Die rumoer van die stad het verby jou ore gevlieg. Ek het daar bly sit en die poëtiese skoonheid van die situasie beleef.

Ek kan nie sy presiese woorde onthou nie, maar 'n figuur het langs my op die harde sementbankie kom sit. Ek het so groot geskrik, ek het amper van die bankie af getuimel. Die bekende, seeblou oë waarna ek al vir maande soek, het na my teruggestaar. Die stoute glimlag wat Raoul daardie aand vir my gegee het, sal vir altyd in my gedagtes ingegraveer wees.

“Raoul Arnault,” hy het sy hand na my toe uitgestrek.
“Margeaux Bettencourt.” Ek het sy hand gevat sonder om daaroor na te dink.

Vir die res van die aand het ons oor alles en niks gesels. Ons het die dansvloer ‘n paar keer aangedurf, maar dit was nie ‘n sukses nie. Die gedrom van mense, die stamp van voete en die geritsel van rokke wat teen mekaar skuur, was oorverdowend vir ons intieme gesprekke. Buite het die reën begin drup-drup totdat die elektriese, wit lig van weerligstrale ‘n storm daarvan gemaak het. Ons het op die veranda by ‘n klein tafeltjie gesit en skuil.

“Storms is merkwaardig of hoe?” Raoul het sy baadjie oor my skouers gedrapeer en met ons liggame styf teen mekaar het ons na die storm gekyk.
“Nee, dit is net pleinweg gevaarlik.” Ek het nie gedink sy belangstelling met storms is oulik nie.
“Dit is wat storms so mooi maak. Die rebellie én die roekeloosheid.”

En dit is presies wat ons was. ‘n Storm gevul met rebellie en roekeloosheid.

Voor ek my oë kon uitvee, het ek gedurende naweke my vriendinne saam met my gesleep om te kyk hoe Raoul en sy vriende rugbyspeel. Ek het op koue, harde bankies in ondergrondse kroeë gekuier en gekyk hoe tienerseuns die plesier van alkohol en sigare geniet. Ons het onder dowwe ligte met Elvis Presley en Chubby Checker as ons klankbaan gaan dans. Ek het in pragtige kafees en boekwinkels rondgedwaal en uittreksels vir hom voorgelees. Ek kon nie genoeg kry nie.

Raoul was alles wat ek wou hê. Hy het alles wat ek wou hê gehad. ‘n Jong man met status, ‘n rustigheid wat my angs en vrees vir onsekerheid kon demp, ‘n avontuurier wat altyd op soek was na kattekwaad, ‘n selfversekerde seun wat homself met sjarme kon handhaaf. Hy het ‘n oog vir besigheid gehad, nes sy pa. Raoul het altyd iets aan iemand probeer smous, of het onderhandelinge onder sy vriende gemaak om bietjie ‘n meer Franke bymekaar te maak as wat hy klaar gehad het.

Toe tref die werklike storm ons.

Brigitte het dit goed gedink om elke tiener met ‘n titel in Honfleur na hulle ongelooflike strand-*château* toe te nooi. Haar ouers het hulle blind vir ons partytjie en plesier gehou. My ma het al gesê hulle kan ons nie kwalik neem vir iets wat hulle ook gedoen het nie.

Die ruk-en-rolmusiek het die hele huis omvergewerp. Die sjampanje het gevloei en jy kon geen einde sien nie. Groot fakkels het die strand met helderoranje verlig. Die skaterlag van groepe het jou lyf meer as die inhoud van jou glas beheer. Maar dit is hoe ons dit gedoen het. Indien jy die kind van ‘n Franse sakemagnaat is, is uitspattig jou middelnaam. Brigitte se uitspattigheid het geen einde geken nie.

Miskien was dit die opgewondenheid óf die somerwaas in my gedagtes wat gemaak het dat ek nie twee keer gedink het toe Raoul en twee van sy vriende by een van die deure uitglip nie. Hy was altyd met die een of ander iets bedrywig. Een of ander plan, óf besig om ‘n poets op iemand te bak.

Toe die na-ure van die aand naderkom het die weer woes opgesteek. Die wind het haar swanesang om die hoeke van die huis gesing. Die takke het gekraak en teen die kristalhelder vensters gekap. Die storm was op pad. Ek het toe eers begin vrae vra. Waar is hy? Wat doen hy? Waarheen is hy? Is Louis saam met hom?

Ek het Brigitte in 'n donker hoekie opgespoor, besig met onheilige dade en haar saam met my gesleep om na Raoul te soek. Strompelend het ons die bosse langs die huis binne gevaar. Die reëndruppels het ons visie mislei en die skarlakenrooi kolle in die stof het nie eienaardig gelyk nie.

As daar een ding is waarvoor skool en al my digbundels my nooit voorberei het om te ervaar nie, is dit die sig van dood. Die reuk van 'n lyk. Die siniese prentjie van 'n oseaan se bloed. Die lewenslose gesig wat sonder emosie en sonder doel kant toe staar.

Die moordtoneel is genoeg om enige persoon nugter te skok. Ek het grond toe geduik en gebid dat dit nie Raoul is nie. Ek het die lyk se kop in my hande gedraai en Louis se oë het na my toe teruggestaar. Daar was krapmerke, merke wat net naels aan jou gesig kan doen. Sébastien het eenkant gestaan en huil. Die trane het oor sy wange gespoel. Hy het sy emosies probeer wegvee, maar die glinsterende nattigheid op sy hande het hom gekeer.

My oë het in die bos voor my opgeflits en Raoul was in sy eie skok vasgevang. Die bloed het soos gom aan sy hande vasgeplak. Dit was oral. Op sy hande, op sy nek, in sy hare. Die trane het by sy beeldskone oë uitgelek. Sy skouers het geruk van emosie en die gil wat by sy lippe uitgeglip het, het deur murg en been gesny. Ek het nie geweet 'n mens kan afskuwelike geluide maak nie. Hy het in die maanlig gehuil. Soos 'n wolf. 'n Wolf met geen selfbeheer nie. Ons het vir 'n ewigheid na mekaar gekyk. Sonder woorde. Sonder emosie.

"*Putain,"* Brigitte het die enigste woord wat ons situasie kon verduidelik, uitgespreek. *Putain* inderdaad.

Louis se lendelam kop het op my skoot gerus en almal het na hom gestaar. Ja, hy was nie perfek nie. Hy het homself gereeld in die moeilikheid laat beland en het nie betekenis van 'n 'meisie se toestemming' verstaan nie. Maar hy het dit nie verdien om weg te glip in die ewige lewe in nie. Veral nie teen sy eie wil nie.

Die reën het sonder genade op ons neergesak en ek kon nie helder dink nie. Ek kon altyd 'n plan maak. Altyd. Al was my gedagtes soms met muisneste gevul. Maar nie daardie aand nie. Nee, nie een van ons kon nie.

Ek het Raoul se oë probeer lees. Daar was niks nie. Hy was leeg. Voor ek kon besluit om op te staan en hom in my arms te neem, het hy in die bosse verdwyn. Ek het nie die krag of die kapasiteit gehad om hom te agtervolg nie.

Wat doen jy in so 'n situasie? Wat doen jy as die man vir wie jy lief is met 'n ander persoon se bloed op sy hande na jou staar? As hy stilweg om jou hulp pleit? Wat doen jy?

Ek kan nie onthou wat daarna gebeur het nie. My verstand het besluit om dit te blokkeer vir my eie beswil. Raoul het nie weer sy verskyning gemaak nie. Madame en Monsieur Arnault het soektogte oor die hele Frankryk en later die hele Europa geloots. Privaatspeurder na privaatspeurder is aangestel om die seun met die seeblou oë en koper hare op te spoor. Niks. Die soektog is drie jaar later afgestel. Dit was so finaal soos 'n doodloopstraat. Raoul kon netsowel daardie aand saam met Louis gesterf het.

Sébastien is  as gevolg van die trauma en die hofsaak in 'n inrigting opgeneem. Hy is keer op keer gevra om sy kant van die storie te vertel. Hy het elke keer op dieselfde plek gekom: hulle het oor geldsake en besigheid begin stry en toe word hy histeries as iemand hom vra wat volgende gebeur het. Ek gaan kuier nog gereeld vir hom. Hy het nog dieselfde verskrikte gesig as hy my sien, maar hy is dankbaar vir 'n besoeker. Sy ma kan dit nie verdra om hom só te sien nie. Almal het al met hulle eie lewens aanbeweeg en die pers het van hom vergeet. Brigitte kom nog elke nou en dan.

Brigitte. Ons vriendskap was nooit weer dieselfde nie. Sy het my swartgesmeer met aantuigings en beledigings. *Ek* moes haar nooit kom soek het nie. *Ek* moes haar nie daarby insleep nie. *Ek* moes my roekelose kêrel in toom hou. Ons ruil maar net stywe glimlagte by skoolbyeenkomste uit.

Ek het nie geweet hoe om met my lewe aan te gaan nie, want Raoul *was* my lewe en die hele Parys het vinnig daarvan uitgevind. Nuusberig na nuusberig wat al die sleg van sy goeie hart vir die hele publiek duidelik gemaak het. Joernaliste het my agtervolg en belaglike vrae gevra.

"Het Raoul Arnault Junior jou ooit mishandel?"
"Was hy gewelddadig?"
"Was hy voorspelbaar?"
"Was jy bewus van enige spanning tussen hom en Louis Pinault?"
"Het jy hom help ontsnap?"
"Het jy 'n verhouding met Pinault agter Arnault se rug gehad? Is dit hoekom hy Pinault vermoor het?"

Ek wou met alle mag vir hulle skree om my uit te los. Dat hulle nie 'n idee het waarvan hulle praat nie. Hulle ken nie vir Raoul op die manier wat ek hom ken nie. Tog het die blik van die skok in sy oë my slapelose nagte gegee. My eie gedagtes het met my kop gesmokkel.

Raoul is nie 'n moordenaar nie! Raoul is nie 'n moordenaar nie. Raoul is nie 'n moordenaar nie? Raoul is nie 'n moordenaar nie…is hy? Is Raoul 'n moordenaar?

Nee, hy kon nie so iets doen nie. Ek was die enigste een wat na die jare nog steeds geglo het dat hy onskuldig is. Dat die bloed op sy hande nie as gevolg van moord is nie, maar eerder omdat hy omgee. Hy…het Louis probeer help.

My hele toekoms was omvêrgegooi. Weg was die idee om saam met Raoul deur Europa te reis. Weg was die idee om te trou en saam digbundels te skryf. Weg was die idee dat ek my eie vryheid sal hê om my eie loopbaan na te volg. Ongelukkig, in die wêreld waarin ek lewe

het verwagtinge aan ‘n ryk, Franse skoonheid my ingehaal. Ek het tale by *Panthéon Sorbonne* studeer. Ek het met die oudste Wertheimer-seun getrou. Ek het my rol as die getroue huisvrou en ondersteuner van ‘n jong, magtige Fransman ingeneem. Ek het dit alles gedoen omdat ek móés. Nie omdat ek wou nie.

Quentin Wertheimer was Raoul se boesemvriend, maar ons het nooit ‘n enkele woord oor hom gepraat nie. Ek dink diep binne-in weet hy hoe ek oor hom voel en dat hy nooit my hele hart sal besit nie. Quentin is nie ‘n slegte man nie en ons kom goed oor die weg. Op ‘n vreemde manier, is ek tog lief vir hom.

Maar nou…nou het ek my mes in vir hom. Hy het geweet. Quentin het geweet waar Raoul is. Hy was daar toe hulle besluit het om die soektog tot stilstand te bring. Ek het dit vir dae aaneen nie gewaag om uit my kamer uit te kom nie. Dit was hy wat my na Louis se begrafnis vasgehou het. Dit was hy wat belowe het hy sal na my omsien. Dit was hy wat my uit die diep, donker depressie gelei en weer laat voel het asof ek lewe. Al is dit ‘n *halwe* lewe.

“Wat…wat het gebeur?” Ek kan nie myself help nie. Ek móét vra.

Vir ‘n oomblik is dit stil. Dit is net die reën wat op die sypaadjie pletter wat die stilte tussen ons vul.
Ek kyk na Raoul, maar hy staar net voor hom uit asof hy sien hoe die gebeure weer voor hom uitspeel. Hy sug en die wasem dwaal in die yskoue lug.

“Jy weet seker tog wat gebeur by aande soos dáái aand. Jy dink nie. Louis het nie gedink nie. Ons het buite gaan staan en rook toe…toe... Besigheid is besigheid, Margeaux. Sy pa het bankrot gespeel en hy het ons geld geskuld.  Baie geld. Ek het met hom daaroor probeer praat, ander besigheididees probeer voorstel, toe…” Raoul keer homself om die volgende woorde te verklap. Hy buig sy kop en fokus op die sypaadjie. Snik-snik dink hy aan die trauma wat hy beleef het.

Ek hou my asem op. Tien jaar. Dis hoe lank ek vir antwoorde gewag het. Tien jaar.

“Toe val hy vir Sébastien aan. Ek het Louis probeer terugtrek en hom kalmeer. Hy het ‘n geweer uitgeruk en dit eers op Séb gerig. Ek het begin pleit en onsin gepraat sodat hy my eerder moet skiet as hy wou hê iemand nie lewendig daaruit moes stap nie. Hy het iets gesê van dat hy sal sekermaak ons ervaar iets erger as die dood. Daar is niks meer oor vir hom nie en die mense wat hy die meeste vertrou en liefhet, hom nie wou help nie. Toe rig hy die geweer op homself en…”

…en trek die sneller.

Louis het geweet hoe dit gaan lyk. Hy het geweet dat Raoul en Sébastien skuldig gaan lyk en dat hulle toekoms daarnee heen sou wees.

“Ek het die bloeding probeer stop, maar dit was te laat. Ek het die geweer gevat en eers later besef dat my vingerafdrukke daarop sal wees. Ek sou vir strafbare manslag aangekla

word. Die beste opsie was om te vlug. Ek het vir my nuwe ideniteit in Rusland geskep. Quentin het my met die vervalsing van dokumente gehelp en ek kon 'n nuwe lewe bou."

Skok oorheers my lyf en ek weet nie waar om te vat en waar om te los nie. Ek het nie woorde nie. Wat sê ek vir hom? Dat ek verstaan? Dat ek sy keuse ondersteun? Dat ek verlig voel?

Nee, ek sou vir hom lieg.

"Ek het nooit bedoel om nou jou nuwe lewe deurmekaar te kom maak nie ." hy klink soos 'n stout skoolseun wat aan sy ma probeer verduidelik dat hy nooit bedoel het om in die hoof se kantoor te beland nie.

Ek trek my skouers op. Wat anders kan ek sê? Dat ek nie omgee nie? Dat hy dit enige dag weer sal mag doen?

"Wat het jy gedink gaan gebeur?" Sis ek tussen my tande.

"Ek weet nie…"

"Margeaux, my liefde vir jou het nooit vergaan nie." Hy breek die ongemaklike stilte tussen ons.

"Ek het elke dag aan jou gedink, ek het briewe en briewe aan jou geskryf, maar ek kon dit nooit vir jou stuur nie. Jy bly die jong meisie wat daardie dag op die promenade by Honfleur my asem weggeslaan het. En ek is jammer ek kon jou nie die toekoms gee wat jy wou hê -en verdien het- nie."

"*La Pluie et le beau temps…*of hoe?" Die woorde verlaat skaars my mond. Die reën en goeie weer. Dit het keer op keer die monumentale oomblikke gebrandmerk.

Raoul lag, maar nie omdat hy dink my woorde is humorisities nie. Nee, sy lag is sinies en hy besef wat van ons rebellie en roekeloosheid geword het.

*"La Pluie et le beau temps.*"

Ek laat myself toe om te dink hoe my lewe sou wees indien Raoul nie verdwyn het nie. Ons sou getroud wees met 'n hele kroos kinders daarby. Ek sou die Arnault-erfgenaamtrouring aan my vinger hê. Ek sou my vryheid om te skryf en te skryf en te skryf kon proe. Ek sou 'n vervulde vrou wees, want ek sou alles gehad het wat ek moontlik voor kon wens.

Raoul se trane vloei vinniger en ek neem hom in my arms. Ek laat hom toe om sy trauma op my skouers uit te huil. Gou, begin ons trane saamvloei en dit voel onwerklik om sy lyf teen myne te voel. My vingers trek sirkels op sy nek en speel met sy koperhare. Ek voel sy hande, sproete wat my nader en nader aan hom trek.

Ek klou aan Raoul vas en ek neem alles in. Die reuk van luukse tabak en muskus wat aan sy baadjie klou. Die blou horlosie met leerbandjies wat ek vir hom op sy negentiende verjaardag as geskenk gegee het. Sy handpalms, gebrandmerk met snye en skrape wat soos 'n legkaartstuk in myne pas. Die manier hoe sy stormagtige, seeblou irisse oor my lyf gly en met groot bewondering na my kyk. Die manier hoe sy koperhare in die wind fladder. Sy aansteeklike glimlag wat maklik 'n hele vertrek ophelder. Raoul se elektriese siel en die manier hoe almal aanklank by hom vind. Die manier hoe hy my onvoorwaarlik, absoluut en met sy hele bestaan lief is vir my. Ek neem dit, ek vat dit, ek drink dit alles in die hoop dat ek hom nooit sal vergeet nie. Nee, dit is pateties. Ek *weet* ek sal hom nooit kan vergeet nie.

"Hulle wag vir jou," sy oë flits terug na die *la maternité* waar Anaïs met groot oë by die venster staan en vir *maman* en die vreemde man loer.

"*A bientôt*," sy leuen is so mooi, amper glo ek hom. *Amper.* Wat 'n hartseer woord is dit nie. Hy was amper myne. Hy het amper gebly. Ek het amper met hom getrou. Ek het amper my lewe saam met hom deurgebring. Sy arms glip weg en ek voel hoe die hitte tussen ons verdamp. Stilweg, neem ek afskeid van sy lyf.

"*A bientôt,* Raoul," die woorde verlaat skaars my lippe. Dit is net wasem wat soos sigaretrook in die lug dartel en draai. Ek is vasgenael op die sypaadjie terwyl ek kyk hoe my geliefde, my minnaar, my heimlike sielsgenoot, soos 'n mistieke man in die reën verdwyn.